



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

33/2026

22 September 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Oosie-ouers en -voogde

So staan ons aan die einde van 'n kwartaal wat behoorlik verbygevlieg het! Voor die skoolhekke vir die Oktober-vakansie sluit skryf ons leerders op Woensdag, 23 September 'n toets waarna die skool om 11:00 verdaag.

Daar is 'n paar lekker Oosie-oomblikke wat ons graag wil deel. Met Onderwysersdag wat vanjaar in die skoolvakansie val het ons Graad 10's reeds ons onderwyspersoneel heerlik bederf. Dit stop egter nie hier nie. Die Graad 10's dryf ook Persdag teen Geslagsgebaseerde Geweld op 22 September. Almal is aangemoedig om 'n pers bykomstigheid by hul skooldrag te voeg. Ons is baie trots op dié groep wat self die inisiatief neem en bereid is om 'n verskil te maak. Mooi so, Graad 10's!

Ons hokkieseisoen het ook op 'n baie spesiale noot afgesluit. Vir ons matriekhokkiespelers was dit ekstra spesiaal want hulle het al vyf hul hoërskooljare saam hokkie gespeel. Vyf jaar se oefeninge, wedstryde, vroeg opstaan, lang dae langs die veld, lekker lag en baie herinneringe lê nou agter hulle. 'n Groot dankie aan ons hokkie-ouers wat gehelp het om die afsluiting vir hierdie spelers so uitsonderlik te maak. Julle betrokkenheid en ondersteuning beteken baie. Ons glo dat ons kan voortbou op dit wat hierdie groep spelers en ouers begin en gevestig het.

Een van die grootste hoogtepunte vir hierdie kwartaal is ons sagtebalspanne. Hoërskool Oos-Moot eindig as die ALGEHEEL, NR 1 SAGTEBALSKOOL in Pretoria. Dit is 'n fantastiese prestasie en iets waarop ons baie trots is. Baie geluk aan elke speler en afrigter wat deur die seisoen hard gewerk het om hierdie prestasie moontlik te maak. Oosie-sagtebal, julle het behoorlik julle merk gemaak!

Ons wens al ons Oosie-gesinne 'n heerlike Oktober-vakansie toe. Rus lekker, geniet die tyd saam en kom veilig terug vir die laaste kwartaal van 2026.

Vir ons matrikulante gaan dié vakansie ongelukkig nie nét oor rus nie. Met die eindeksamen wat kort ná die begin van Kwartaal 4 afskop, is hierdie paar dae eintlik meer 'n voorbereidingsweek vir die eindeksamen. Gebruik die tyd goed, werk rustig en doelgerig, maar maak ook seker dat julle genoeg rus. Die laaste groot skof van julle skoolloopbaan lê voor.

Voordat ons groet is daar 'n belangrike aangeleentheid wat ons wil aanraak. Dit het onder die skool se aandag gekom dat daar verskeie nie-amptelike sosiale media-groepe en ander profiele onder Hoërskool Oos-Moot se naam geskep is.

In sommige gevalle word die skool se naam, wapen en/of logo ook gebruik, wat die indruk kan skep dat hierdie platforms amptelik deur die skool bestuur of goedgekeur word. Ons vra daarom asseblief dat ouers en leerders nie hul eie groepe of profile onder Hoërskool Oos-Moot se naam skep of die skoolwapen en logo sonder toestemming gebruik nie. Die Oos-Moot-naam, skoolwapen en logo mag nie sonder die skool se toestemming gebruik word nie en word deur toepaslike intellektuele-eiendomsregte beskerm.

Gebruik asseblief slegs die skool se amptelike of goedgekeurde groepe en platforms. Só help ons almal om die Oos-Moot-naam en -identiteit te beskerm en verwarring oor amptelike skoolkommunikasie te voorkom. Ons waardeer ons ouers en leerders se ondersteuning in hierdie aangeleentheid.

Geniet die rustyd want Kwartaal 4 wag!

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF